

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAK NO: 14982/2011

DATUM: 6 FEBRUARIE 2012

5 In die saak tussen:

PPM INCORPORATED ATTORNEYS Applikant

en

HENDRIK JOHANNES GREYLING 1ste Respondent

ESTER BERDINA GREYLING 2de Respondent

10

U I T S P R A A K

SMIT, WnR:

15

Hierdie is 'n aansoek om die finale sekwestrasie van die eerste Respondent, Hendrik Johannes Greyling. 'n Voorlopige sekwestrasiebevel is toegestaan op 1 Augustus 2011, op grond daarvan dat vonnis in die Landdroshof, Bellville, toegestaan is teen eerste respondent en dat die balju 'n *nulla bona* relaas gelewer het. Die keerdatum is vasgestel op 6 September 2011.

Op 2 September 2011 is 'n opponerende beëdigde verklaring van die eerste respondent geliasseer waarin drie substansiële

/IM

/...

verwete geopper is, naamik –

- 5 (a) dat die vonnis wat op 6 Junie 2011 toegestaan is, onregmatig was aangesien eerste respondent te alle tersaaklike tye opgetree het namens Golf & Leisure Joint Ownership (Edms) Beperk en dat die eisbedrag deur die maatskappy verskuldig geword het;
- 10 (b) dat eerste respondent die geregistreerde eienaar van Erf 359, Bantrybaai, is en dat dit gevolglik ontken word dat hy nie oor vervreembare bates beskik ter voldoening van die beweerde eis teen hom nie;
- 15 (c) dat die feit dat hy direkteur van verskeie maatskappye is, op sigself waardeloos is. Volgens hom het hy die dagvaarding onmiddellik aan Kulenkampff prokureurs in Somerset-Wes oorhandig, maar hulle het versuim om die saak te opponeer en verstekvonnis moes derhalwe nooit
- 20 teen hom toegestaan gewees het nie.

Op 6 September 2011 is die aansoek uitgestel na 7 Desember 2011 op die semi-dringende rol op die basis dat applikant repliserende stukke teen 19 September 2001 moes liasseer.

25 Op 11 September is die saak by ooreenkoms uitgestel tot 6

/IM /...

14982/2011

Februarie 2012 op die basis dat die betooghoofde ooreenkomstig die praktykreëls geliasseer moet word.

Geen betoogshoofde is namens eerste respondent geliasseer
5 nie en vanoggend is ek voorsien van 'n aansoek om uitstel op
die basis dat eerste respondent aansoek wil doen om
tersydestelling van die vonnis. Hy beweer dat die prokureurs
wat hom gehelp het met die opstel van die opponerende stukke
hom nie geadviseer het dat hy kan aansoek doen om
10 tersydestelling van die vonnis nie. Hy beweer dat hy eers op 3
Februarie 2012 deur advokaat Walters geadviseer is dat hy
kan aansoek doen vir tersydestelling van die vonnis.

In paragrawe 12 tot 17 van sy funderende verklaring in die
15 aansoek om uitstel beweer hy as volg:

- “12. My voormalige prokureurs, Johan Viljoen & Genote,
het my bygestaan met die opstel van my
opponerende verklaring waartydens ek op hulle
advies gesteun het.
- 20 13. Ongelukkig het my prokureur nie geadviseer dat ek
kan aansoek doen om die verstekvonnis, wat ten
gunste van die applikant teen my verkry is, tersyde
te laat stel nie en was ek self ook onbewus van
hierdie opsie wat beskikbaar is.
- 25 14. Ek het op ongeveer 27 Januarie 2012 my nuwe

prokureur, mnr Francois Greeff, aangestel om my hierin te verteenwoordig.

5 15. My prokureur het vir die eerste maal op 2 Februarie 2012 die aansoekstukke ontvang weens die feit dat my voormalige prokureur sy lien oor die inhoud van sy lêer uitgeoefen het, hangende die afhandeling van 'n geskil wat tussen ons ontstaan het.


10 16. My prokureur kon eers op 3 Februarie om ongeveer 14:15 aan advokaat André Walters opdrag gee en die aansoekstukke hierin aan hom voorsien.

15 17. Dit was eers na aanleiding van die advies wat van advokaat Walters bekom is, dat ek vir die eerste maal in kennis gestel is dat ek kan aansoek doen vir die tersydestelling van die vonnis wat die applikant teen my verkry het. Ek het my prokureur dadelik van instruksies voorsien om die nodige dokumente op te stel vir die bring van die nodige aansoek in hierdie verband.”

20 By die beëdigde verklaring wat ter opponering van die uitstel geliasseer is, is 'n afskrif aangeheg van 'n aansoek om tersydestelling van die vonnis wat deur Johan Viljoen & Genote namens die eerste respondent geliasseer is waaruit dit blyk dat die aansoek reeds op of ongeveer 10 Oktober 2011
25 geliasseer is.

Uit die voorgaande blyk dit nie alleen dat die aansoek om uitstel nie *bona fide* is nie, maar dat die tweede respondent getrag het om die Hof positief te mislei. Die aansoek om
5 uitstel word derhalwe met koste van die hand gewys en die finale sekwestrasiebevel word toegestaan.

10

A handwritten signature in black ink, consisting of a large, stylized initial 'S' followed by a long, wavy horizontal line. A dashed horizontal line is drawn across the signature, starting from the vertical stem of the 'S' and extending to the right.

SMIT, WnR